MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

335 jaar van genade
1686—2018


'n Rivier van Lewende Water

Kyk binne vir:

Kerk se reikwydte 3



Voedingsaksie 6



Stellumthombo 8



Masandise 9,10




Seniorbediening 13



Fliek of boek? 16




Chippie se skool 19



NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Volume XXI, nr.1 Pase en Pinkster 2021

# Lyding én leiding

## *Hoe sê Stellenbosse predikante het gemeentes Covid ervaar?*

***Marié Britz** som die ervarings van ons suster-gemeentes se predikante op:*

Covid-19 het Moedergemeente en ook ook ander plaaslike gemeentes op verskeie wyses getref. In 'n onlangse gesprek tussen die leraars van Moeder-gemeente, Moederkerk se visioeneringsgroep en ons kollegas uit die VGK Kayamandi (Dr. Sipho Mahokoto), Cloetesville (Ds. Clive Jacobs) en Idasvallei (Ds. Danny Bock), het die swaarkry op Stellenbosch duidelik geblyk.

*Volledige berig op 2*



Ds. Clive Jacobs van Cloetesville. Vyf lidmate het daar gesterf

***Stellenbosch se VGK leraars moes hul gemeentes deur moeilike tye bystaan en lei. Vir foto van Marie Britz, sien 13***



Ds. Danny Bock staan voor 'n bos turksvye op klippe! Die natuur beeld die moeilike pad uit wat die VGK-gemeente in Idasvallei moes loop



Ook in Kayamandi het die VGK-leraar, Dr. Sipho Mahokoto, se gemeente swaargekry

*Vervolg op 2*

Uit Kayamandi vertel **Dr. Sipho Mahokoto** dat die grendeltyd vir sommige families 'n baie kosbare tyd van saam-wees en groei in verhoudings was, maar daar waar daar gebroke verhoudings was, het die grendeltyd dit selfs nog meer broos kom maak. Die grootste fokus van die gemeente in dié tyd was egter die voorsiening van kospakkies aan mense in die gemeente en 'n groot deel van die bediening was hierop gerig.

**Ds. Danny Bock van VGK Idasvallei** vertel dat die COVID-19 pandemie die landskap van hulle gemeentelike werksaamhede heeltemal verander het. "Ons is 'n gemeente waarvan 60% van die lidmate 60 jaar oud en ouer is. Die ander deel van ons gemeente is (hoofsaaklik) werksaam in die wynbedryf, of hulle *was* werksaam in die gasvryheidsbedryf. Vanaf April 2020 kon ons onmiddellik die finansiële impak van COVID-19 aan ons lywe voel omdat ons gereelde dankoffer-bydraers nie meer finansiële bydraes kon lewer nie. En dit het nie beter gegaan nie, want van hierdie lidmate het nie net verlies aan inkomste gehad nie, van hulle het selfs hul werk verloor. Ons moes toesien hoe die gemeente se neseiertjie wat ons oor die jare opgebou het, binne 'n paar maande uitgeput geraak het. Tesame daarmee moes ons, as huisgesin, ook worstel met die kankerdiagnose van my vrou. Op gemeentelike en persoonlike vlak was die 70% maandelike verlies aan inkomste 'n faktor wat tot angstigheid en onsekerheid gelei het."

Vir **dr. Sipho Mahokoto** was die moeilikste in dié tyd die uitdaging om mense te ondersteun wat self verliese gely het en veral die hantering van begrafnisse en die gepaardgaande rouprosesse met die beperking op die getalle tydens begrafnisse.

Die gemeente ondergaan ook tans groot finansiële uitdagings, aangesien daar vir baie lank nie eredienste was nie en mense self ook a.g.v. inkomste-verliese geen finansiële bydraes aan die kerk en gemeente kon maak nie. Nietemin is die gemeente en leiers positief en hoopvol vir die pad nou vorentoe.

**Ds. Clive Jacobs van VGK Cloetesville vertel: "**In ons gemeente het twee kerkraadslede aan die virus gesterf, en drie lidmate. Die families, en selfs die kerkraad, sukkel nou nog om die skielike dood van hierdie mense te verwerk – ons word nog telkens herinner aan hul afwesigheid – soms sommer so sonder woorde. Gesinslede van gestorwenes worstel nog in hul rouprosesse – alles was té skielik, té finaal …. Vele van ons lidmate het positief vir die virus getoets – in gesprekke word die vrees en kommer en onsekerheid wat mense moes beleef, weer tasbaar"

Maar, soos in Kayamandi, was die trauma in Cloetesville tydens die tyd ook véél meer as net die pandemie en hieroor sê ds. Clive: "Op 'n stadium het ons gevrees dat mense eerder sou sterf van honger as van die pandemie. Die strate wat gewoonlik lewe, was skielik stil – die lewe was as't ware weggesluit binne die mure van huise. Geen skool, geen speel, geen werk, geen kerk …

Toe moes almal leer om na binne te keer – hierbinne te soek. Ons gemeentelike visie moes ons oplig en moes vir ons hoop gee: ONS WIL GOD SE LEWENDE FAMILIE WEES, WAAR ALMAL TUIS IS, GROEI IN DIE HERE, EN WAT HOOP GEE AAN DIE WêRELD. Ons visie het inderdaad vir ons hoop kom gee – en so kon ons, veral deur die Lydenstyd, en tot nou toe, onsself toewy aan die woorde van Romeine 15:13 – 'Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterkter kan word deur die krag van die Heilige Gees'."

Ten spyte van baie groot uitdagings vertel **ds. Danny Bock** van Idasvallei ook van die hoop wat in hulle lewe. Sedert die heropening van kerklike byeenkomste het daar 'n nuwe groep leiers die lig gesien, mense wat baie positief ingestel is. Die betrokkenes se gemiddelde ouderdom is nou 45 jaar oud, in vergelyking met die vorige gemiddelde van 60 jaar. Daar is nuwe energie te danke aan hierdie leiers en die rigting waarin hulle die gemeente wil stuur.

"Ons kollegas by Moedergemeente het saam met ons gereis en finansiële bydraes gemaak in ons mees onseker tye, maar ons het meer as net finansiële hulp beleef – hulle het ons omarm en met warme liefde omhels. Dit het ons, in ons mees kritieke oomblikke, God se genade oorvloedig laat beleef."

Tydens ons gesamentlike gesprek as leraars het ds. Bock na die onlangse brande op Stellenbosch verwys en hoopvol genoem dat die hoop leef dat 'n nuwe kerk ná Covid sal kan opstaan, net soos ons reeds in die Jonkershoekvallei nuwe tekens van hoop sien groei. Danny herinner ons aan Paulus se woorde, "Die oue is verby, dinge is besig om weer nuut te word". Hy getuig dat hulle finansies besig is om te stabiliseer en die getalle tydens eredienste weekliks styg. Hy voeg by: "*Die toekoms lyk belowend*".

Die afgelope jaar was inderdaad vir ons almal, beide as VGK en as NGK predikante uitdagend met aanpassings in die bediening wat ons weekliks moes maak en 'n totaal nuwe strategie van bediening moes begin. Ek dink dit is veral die onsekerheid en die verlies wat ons mense op verskillende vlakke beleef wat ook vir ons as leraars persoonlik soms moeilik is, terwyl ons so bewus is van ons eie beperkinge en broosheid.

Nietemin kyk ons terug op die afgelope jaar, vanuit Moedergemeente se perspektief, met groot dankbaarheid. Lidmate se lojaliteit, gesindheid en betrokkenheid maak dit nou meer as ooit tevore moontlik dat ons draers van hoop wil wees en die Rivier van Lewende Water wil laat vloei, in ons gemeente en in ons gemeenskap, sáám met die ander gemeentes in ons dorp.

Ons probeer steeds kreatief aanpas en is bewus van die bronne wat dit vir ons in ons gemeente moontlik maak. Ons bly bid dat die Here saam met die ander leiers in ons gemeenskap vir ons 'n onderskeidingsvermoë sal gee, sodat ons gehoorsaam en moedig ons roeping as Kerk in Stellenbosch kan uitleef.

***Samevatting deur Marié Britz namens Moederkerk***


Kospakkies word uitgepak, Kayamandi VGK

Aktueel bladsy 2


Sien Dr Mohokoto se berig in Engels op bladsy 3

Sien statistiek op bladsy 15



# Die kerk se reikwydte tydens Covid

***Irénée Heyns verduidelik:***

*Aanlyn-eredienste is nie iets nuuts nie.*

Voor die virus ons in grendeltyd ingedwing het, was daar heelwat kerke wat platforms soos *YouTube* en *Facebook* ingespan het om hul eredienste uit te saai. In die begin was die Woord, en sedertdien word die Goeie Nuus op alle beskikbare platforms versprei; van perkament tot *podcasts.* Maar sedert die grendeltyd is daar wêreldwyd ’n ontploffing wat kyker-getalle betref.

Die Aartsbiskop van Canterbury se preek op Paassondag vanjaar is in ’n byna leë katedraal gepreek, maar die gekombineerde aanlyn reikwydte van sy boodskap was meer as 5 miljoen mense. Dit is 2500 keer meer as gewoonlik, en amper ’n 1000 keer meer as die aantal mense wat Jesus se wonderwerk gesien het waar Hy vis en brood vermeerder het. En interessant genoeg, is dit amper soveel as die aantal mense wat ’n ruk gelede aanlyn ingeskakel het om Elton John se *Rocket Man*-vertoning te kyk.

Sedert die begin van grendeltyd, het sekere kerke en gemeentes wat eintlik maar “onder die radar” was, dié soort kykergetalle begin lok wat vergelyk kan word met rocksterre. Maar nie almal het hierdie reaksie gehad nie. *Alomteenwoordigheid*, soos Augustinus en *Spotify* uitwys, is ’n vreemde ding. Bloot omdat ’n erediens deur amper enigiemand in die wêreld gekyk kan word, beteken nie dit wórd gekyk nie.

Die meeste gemeentes in ons land het dit as hul roeping gesien om aanlyn uit te saai, maar min is uitverkies, ten minste wat kykergetalle betref. Die doel om uit te saai was/is natuurlik nie om wêreldwyd impak te hê nie, maar om jou gemeentelede in jou/hul konteks en omgewing te bereik terwyl die kerk se deure “toe” is. Dit het wél nuwe deure oopgemaak en verrassende verskynsels tot gevolg gehad.

Die *Pew Research Center* het bevind dat daar wêreldwyd tussen 2014 en 2019 ’n geweldige afname was in mense wat hulself as godsdienstig beskou. Veral in Westerse lande het kerkbywoning en lidmaatskap baie skerp gedaal. Sedert 2020 het hierdie neiging skielik ’n opwaartse draai gemaak, en een navorser merk op: *"Covid has slowed us down and destabilised our regular routine. It has become an exploratory time. People are developing new habits, new interests, and finding new ways of just being in this world."* Navorsing wat deur die Barna-groep gedoen is, bevestig dit ook en wys daarop dat die angstigheid en die soeke na sin wat die virus in 2020 by mense wakker gemaak het, hul gelei het om aanlyn te soek na ontmoetingsruimtes.

Groot getalle mense wat hulself in 2019 nog as kerkloos beskryf het, het skielik weer deel geword van geloofsgemeenskappe en diep betekenis gevind in kerke se digitale bedienings. Mense kon en kan in die gerief van hul huise aanbid saam met ander van oor die wêreld. Sekere mense wat gedink het hul sal nooit (weer) hul voete in ’n kerk sit nie, het aanlyn ’n geestelike tuiste gevind. Dit is wonderlike stories van hoop in geweldig uitdagende tye.

So ... gaan aanlyn eredienste dalk “in-persoon” ontmoetings op die langtermyn vervang? Ek dink nie so nie. Vir my was een van die belangrikste ervarings in ’n erediens nog altyd die belewenis om uitwaarts oop te wees en gedraai te word na ander. Daar is baie definisies van sonde, maar ek vind sterk aanklank by dit wat Martin Luther by Augustinus “geleen” het: *incurvatus in se* – om ingekeer in jouself te wees. As sonde beteken om “ingedraai” te wees, is aanbidding die mees voor die hand liggende teenmiddel. Ek het dit nog altyd so ervaar. ’n Erediens is ’n plek waar ek herinner word dat die wêreld vol mense is, en hul behoeftes en verlangens is net so van belang en werklik soos myne. In ’n erediens word ek daaraan herinner dat daar ’n Middelpunt in alles is en dit is nie ék nie; *ware lewe* is waar ek bereid is om aan myself te sterf en oop te wees om van myself vir ander te gee.

Geen wonder nie dat kerke nog altyd deur die eeue heen klem gelê het op dit wat ontsluit word in geloofsgemeenskappe waar mense sáám aanbid, en dat daar bekommernis heers as dit nie meer plaasvind nie.

Aanbidding is baie meer as net ’n sosiale byeenkoms – dit is waar ons verby die soort (óók belangrike) indiwiduele ervaring van die heiligheid van God beweeg wat ons ervaar tydens ’n meditasie in ons eie binnekamer. Wanneer ons sáám aanbid, gebeur dit waarvan Jesus praat in Matteus: “Daar waar twee of meer in my Naam vergader, daar is Ek ook…” Die vraag is natuurlik nie na die een óf die ander nie, maar oor hoe beide aanlyn en in-persoon ontmoetings in die toekoms ingespan kan word om aanbiddingsruimtes te skep waar mense in hul verhouding met God, en hul naaste groei.

Tegnologie verryk én ontwrig alle aspekte van dit wat ons as stabiel ervaar het. In die 16de eeu was die ontwrigtende tegnologie die drukpers (“God se grootste geskenk” soos Luther dit genoem het) – dit het die monopolie wat die Katolieke Kerk gehad het, kom breek en die Reformasie se geboorte aangekondig. Skielik het bykans almal vrye toegang gehad tot die Goeie Nuus!

Die aanlyn-reformasie is nog maar in sy kinderskoene. Niemand weet regtig hoe dit kerke op die langtermyn gaan beïnvloed nie. Dit klink of die meeste mense dink dat ’n tipe hibried-model op die ou einde na vore sal tree, waar beide in-persoon en aanlyn ontmoetings ewe veel gewig gaan dra. Of ons nou die kerkklokke op ’n Sondag in-persoon of oor *YouTube* hoor lui, maak nie regtig saak nie. Wat saakmaak, is *wat dit in my losmaak*—hopelik herinner dit my om daar waar ek is, *stil* te word, uitwaarts te draai en te weet ek word na my naaste gestuur om Christus se liefde na iets *sigbaars* en *tasbaars* te laat lyk.

## *Lockdown in Kayamandi*

The lockdown in prevention of the spread of the COVID-19 virus had advantages and disadvantages for our congregation and community. On a positive note, it created an opportunity for families to spend more quality time together and worship together as family members.

Unfortunately, although the above was supposed to work well, the lockdown, on the negative side, caused a lot of anxiety and depression in our congregants and community. People lost their jobs, lost family members due to Covid-19, and still lack food on their tables. At the same time, the congregation’s financial situation became increasingly difficult due to Covid-19 regulations. People could not even support the church financially.



Dankbare ontvangers: Verenigende Gereformeerde Kerklidmate in Kayamandi kry kospakkies

From the church’s side, with the support from Stellenbosch Unite, *Diakonia* and some individuals, we managed to give food parcels from March to September 2020 as a temporary relief. We also receive annual support from the Moederkerk, which helps our congregation a great deal.

For me as a minister, this was a very challenging time; the only thing that I was able to do, was to keep the families who lost jobs, lying ill at home and in hospital in my prayers—no home or family visits, while people needed my presence as a pastor. Funerals added more anxiety, as, in most cases, people didn't adhere to the lockdown regulations for funerals.

As a minister, I had no choice but to visit the family for prayers during death and also do the funerals. But under all these difficult circumstances of Covid-19 and lockdown, God protected His people.

It was very painful to do Covid-19 funerals with a diminished number of family and church members, who didn't get an opportunity to say farewell to the departed. It was even more painful for the families to decide who had to be on the list to attend the funeral. This caused a lot of distress in many families. We remain prayerful and hopeful that God will provide us with the vaccine for this virus.



Rev. Dr. Sipho Mahokoto
Uniting Reformed Church in Southern Africa - Kayamandi
(URCSA Kayamandi)


# Meningsverskille in die kerk?

***Richard van Wyk skryf:***

Daar is ’n magdom dinge waaroor mense konflik beleef. Daar is sosiale, etniese, godsdienstige, politieke, ekonomiese en huishoudelike konflik en nog baie meer.

Selfs Christene beleef konflik. Ons kan by die vroeë Christene leer hoe hulle van mekaar verskil het:

1. Hulle erken en hanteer die verskil. Daar is twee goue reëls:
   - Praat met God oor die ander persoon, voor jy met die ander persoon gaan praat.
   - Praat met die ander persoon, voor jy met ’n derde persoon oor die ander persoon praat.
2. Hulle fokus op God se blye nuus (die essensiële).
3. Een van die groot foute wat ons as Christene maak, is om te dink dat *alles* wat ons glo, ewe belangrik is. *Dit is nie waar nie.*




**Die metafoor wat my help is dié van die pyltjiebord.**

Die **kernsaak** (die “*bull’s eye*”), of eerder kern*persoon* van ons geloof is **Jesus Christus**, wat kom sê het ons moet God bo alles liefhê en ons naaste soos onsself. Al die ander dinge van ons geloof lê iewers op die wyer sirkels van die pyl-jiebord.

Dalk help dié matriks ons as ons konflik in geloofsgemeenskappe wil oplos:

- **Mag ons in kernsake *eenheid* beleef.**
- **In nie-kernsake – *vryheid*.**
- **En in álles – *liefde*.**

*Richard van Wyk*

## Wat sê die Bybel oor verskille?

Gelowiges lees dieselfde gedeeltes en interpreteer dit totaal verskillend. Ons het dit ook weer onlangs gesien in groot meningsverskille rakende dieselfdegeslag-verbintenisse, wat lei tot gesprekke van kerkskeuring. In die afgelope weke was daar weer groot verskille toe oor die geslag van God geredekawel is. Dit maak dat baie mense tou opgooi oor die Woord en oor God en oor die Kerk, of die Woord net nie meer gebruik nie.

Paulus maan vir Timoteus: *Bly by wat jy geleer het. Bly by die Woord.*

Dit kan jou help om God te leer ken in wie Christus was, en sy liefde en genade in ons lewens te sien en ervaar.

Dit kan jou help om te onderskei in die lewe (dwaling te bestry, foutiewe opvattings reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek) en om jou lewe tot eer van God te leef.

**Marié Britz**

## Zorada skryf: *Die Klokke lui ’n Nuwe Lied!*

“Ek is verheug oor die nuwe belangstelling in die Moederkerk-klokke en die vooruitsig dat ons uiteindelik (na 35 jaar) ’n sinvolle lui-orde sal kan vestig”, laat weet Antony Melck uit Oostenryk. Hy is in gesprek met Freddie Greeff, wat tans inligting inwin oor die storie van die klokke. In die vroeë 1980’s het Antony as nagraadse student en dosent in Ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, op ’n goeie dag ewe kordaat ’n brief van beswaar aan die kerkraad geskryf oor die skande dat so ’n pragtige, historiese kerkgebou sulke vals klokke kan gedoog. Die feit dat hy soms vir Pieter de Lange as orrelis afgelos het, het hom seker die moed gegee. Hy het egter nie net gekla nie, maar homself ook bereid verklaar om die probleem te help oplos. So het hy die nodige navorsing oor klokgietwerk gedoen, kwotasies van Europese en Engelse firmas ingewin en ’n aanbeveling aan die kerkraad gemaak.

’n Stel van 6 Duitse klokke is ’n paar jaar later geïnstalleer. Antony self het ’n volledige lys van lui-ordes aan die kerk verskaf, wat helaas tot vandag toe nooit in werking gestel is nie.

**Wat is hierdie ding van ‘lui-ordes’?**

Klokke is nie sommer net klokke nie. Hulle is boodskappers. In die ou tyd, veral in lande met ryke kerktradisies, is die kerkklokke op sekere wyses gelui om verskillende boodskappe te verkondig: hoofsaaklik om mense na die kerk of stadsplein te ontbied (of minstens te lok), of om, in tye van oorlog, gevaar aan te kondig. Gaandeweg het verskillende lui-patrone of lui-ordes ontwikkel. wat meer genuanseerde boodskappe sou dra, wat natuurlik afgehang het van die aantal klokke wat ’n bepaalde kerk gehad het. Sulke lui-ordes is vandag nog in gebruik en is spesifiek aan ’n bepaalde land of plek of kerkgenootskap. Natuurlik speel die subjektiewe ook ’n beduidende rol.

In Suid-Afrika is so ’n kloktradisie kwalik waarneembaar. Maar tradisies begin iewers, en dit kan vir Moederkerk netsowel vanjaar in ons jaar van ’n terugkeer na *Vaste Fondamente* wees. Die Moederkerk-klokke bied ’n magdom van moontlikhede, want hulle is spesifiek daarmee in gedagte uitgesoek.

Moederkerk beskik oor ses uitstekende bronsklokke wat besonder ryk is aan botone, wat daardie kenmerkende wolk van saamgalm gee wat ’n mens op geen ander instrument kan namaak nie. Die ses klokke is volgens die pentatoniese toonleer geïntoneer (van die grootste, lae klok na die kleinste, hoë een): A-mol (onder middel-C), B-mol, C, E-mol F en A-mol (een oktaaf hoër). In *solfa* is dit: *do, re, mi, so, la, do*[1]. Verskillende akkoorde kan uit hierdie ses note gemaak word, wat elk ’n ander gevoel of atmosfeer skep. So is die idee dat in Advent ’n helder en vrolike gelui verkry word deur ’n patroon van drie klokke wat ’n majeur-drieklank vorm (C, E-mol, A-mol). In Lydenstyd word ’n donkerder gelui verkry deur drie ander klokke te gebruik wat ’n mineurdrieklank vorm, wat laer en somberder klink (A-mol, C, F). ’n Mineur-klokkespel (of die laagste klok wat alleen gelui word) kan verder diepe betekenis aan die gedenkdiens van ’n afgestorwene gee.

Antony Melck het so pas weer ’n nuwe stel lui-ordes aangestuur wat hy in samewerking met ’n Duitse klokkenner, Daniel Orth, spesifiek vir Moederkerk opgestel het. ’n Paar algemene eienskappe is die volgende:

- vir elke tipe diens lui ’n spesifieke kombinasie van klokke;
- vir klein byeenkomste of die eerste gelui voor ’n gewone erediens, word slegs twee klokke gebruik;
- vir die tweede gelui, ’n halfuur voor die erediens, word drie klokke gebruik;
- vir verskillende seisoene in die kerkjaar, word verskillende kombinasies gebruik;
- die volle klokkespel van al ses word slegs vir kerklike feesdae gebruik; ander gewone eredienste gebruik vier of vyf klokke;
- die klokke word altyd van die hoogste (kleinste) klok af gelui, sodat elke klok, wat na ’n paar sekondes bygevoeg word, duidelik gehoor kan word.


Tydens restourasie

Ons beplan om hierdie nuwe lui-ordes op Pinksterfees in te lui. Die hoop is dat die klokke op hierdie wyse ons belewenis van kerkwees sal verruim, en vir die dorp en besoekers mettertyd ’n dieper bewussyn van die kerk op die markplein én die kerk as verkondiger van die Evangelie sal gee.

*Zorada Temmingh*

INTERNASIONALE STUDENTE-BEDIENING

# Internasionale studentenuus tydens die pandemie

Stel jou dit voor: daar is ŉ stad met duisende inwoners tussen ouderdomme van 30 en 40. Die inwoners kom van baie lande en kulture en van verskillende godsdienste.

Baie vreemdelinge in die stad het opofferings gemaak vir ŉ beter opvoeding en toekoms. Hierdie stad word die Universiteit genoem en internasionale studente is toekomstige leiers.

Na hul aankoms in Suid-Afrika voel baie oorweldig deur die kultuurverskille. "**FANS**" (***Friends of all nations, Stellenbosch***) ondersteun internasionale studente emosioneel en geestelik tydens hul studies.

Omstandighede op kampusse het drasties verander en wyses om internasionale studente te bedien, moes aangepas word. Baie studente soek sin in ŉ verwarde wêreld. Daar is groter ontvanklikheid vir die hoop van Christus.

*Jurie en Magdaleen Goosen*

**Getuienisse van studente**

*"It has been a difficult, trying year for many but for me it was one of the hardest, worst years of my life, and I don't know what would have become of me had I not been a part of this family and fellowship, so I thank you, for helping to keep me on track".*

*"I came to Stellenbosch to study psychology, and while the University was educating my mind, the Church was nurturing my heart, and in many ways I learned more about psychology and healing from the Church and the Bible than from the university and their textbooks. Glad to discover that the love of Christ is still alive and well. The church has been a lighthouse in the dark stormy seas."*

**Die geloofsbediening bly diep afhanklik van welwillende donateurs en voorbidders.**

goosens@isales.co.za



*Regs:* **Groot vreugdevieringe!** Vlnr: Dr. Annette, PhD Regte; Magdaleen Goosen, FANS; Dr. Neema, PhD Ekonomie. Albei die doktore is van Tanzanië.



Tyler Helfers van "*Calvin Theological Seminary*" het van Januarie tot April 2021 ŉ internskap by die internasionale geloofsgemeenskap gedoen. Tyler en Christina Helfers oorweeg dit ernstig om ná sy legitimasie in "*Christian Reformed Church*" van die V.S.A. na die RSA terug te keer. Hulle ervaar God se leiding om voltyds betrokke te raak by die internasionale studentebediening in Stellenbosch. Hier is Tyler en Christine en hulle dogtertjie by Jurie en Magdaleen Goosen.


**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH
TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Richard van Wyk
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Johan van der Merwe
Angelique Havenga
Lionel Hutton


## Só kyk die Goosens na hulle kudde

Ek lê een oggend nog in die bed toe die telefoon lui. Dis ŉ dame van die Stellenbosch Verkeersdepartement. Was ek vanoggend by die Verkeersafdeling, vra sy. "Nee," sê ek. "Ek lê nog in die bed—ek staan nie vroeg op nie!" "Ag. ekskuus," sê sy. Ek vra toe hoekom sy gedink het ek was daar, want ek het juis onlangs kennis gekry ek moet my bestuurslisensie hernu. "Daar was iemand vanoggend hier wat ŉ boek op die parkeerterrein vergeet het. Daar staan die naam 'Goosen' daarin." Sy voeg by: "Binne-in is ŉ uitgedrukte e-pos wat kom van 'Jo-Marie Claassen'." En sy voeg verder by: " Dis ŉ baie mooi boek!"

ŉ Lig gaan by my op. "Jurie Goosen! Wag, ek gaan kry sy telefonommer bo in my kantoortjie." Ek onthou ook sy e-posadres en gee dit solank vir haar (*sien hierbo links*). Ek kry toe nie dadelik Jurie se nommer tussen my effe deurmekaar papiere nie, maar belowe om vir hom solank ŉ epos te stuur om hom te verwittig van die boek. Die dame klink verlig en lui af.

Effens later val dit my by ek het wél Magdaleen se nommer op my foon en ek bel haar dadelik. Magdaleen was baie geamuseerd oor hierdie vergissing. Syself was met een van hulle studente in die Paarl, by ŉ staatsinstansie daar, want hy kon nie by die Stellenbosch Verkeersafdeling regkom met sy sake nie. Nou het sy hom Paarl toe gebring om sy sake uit te sorteer.

Só ken ons die Goosens: sorgsame herders wat mooi na hulle kudde kyk en kilometers ver sal ry om hulle te help. Hulle versorg kennelik hulle gemeentelede met groot ywer en stap nie net ŉ tweede myl met hulle nie, maar leen vir hulle ook nog boeke! Dankie, julle twee!

*Dank ook aan die Stellenbosch Verkeersafdeling.*

*Red.*

SINCE 1994 STELLENBOSCH

**FEEDING IN ACTION VOEDINGSAKSIE**

**MENSE LY STEEDS HONGER**

# *Die nood is steeds hoog!*




Stellenbosch Voedingsaksie streef om, deur menswaardige voeding te bied, voedselsekuriteit in ons gemeenskap te bevorder en sover moontlik in die groot behoefte aan voeding plaaslik te voorsien. Stellenbosch Voedingsaksie bedien meer as 55 voedingspunte in twaalf gemeenskappe en ondersteun op ’n gereelde grondslag vele gemeenskapsorganisasies en behoeftige crèches met kosvoorrade ter aanvulling van hul beperkte begrotings.

Die grendeltyd en die ekonomiese uitdagings in ons land het uiteraard ’n merkbare invloed op vele huishoudings gehad wat gevolglik ons getalle honger mense vermeerder het.

Op versoek van *SCAN* en *Stellenbosch Unite*, die gesamentlike aksies van ’n groot aantal liefdadigheidsinstansies binne die munisipale grense van Stellenbosch, het SVA na nuwe gemeenskappe uitgereik. ’n Behoeftepaling is in nuwe areas van nood in die breër Stellenbosch munisipale gebied gedoen . Drie areas is onlangs geïdentifiseer: in Wemmershoek, by Meerlust Bosbou en in Jonkershoek. Vyf nuwe voedingspunte het hier bygekom. In Jonkershoek is ’n groot aantal mense in nedersettings woonagtig. Ons het die middag voor die ‘groot brand’ in Jonkershoek met van die leiers vergader om die prosedure vir nuwe voedingspunte te bespreek. Die getalle en behoefte by die twee voedingspunte is seker baie groter as waarin ons op die stadium kan voorsien.

Ons het terselfdertyd ook van die nood by ‘Akkerland Crèche’ in Jonkershoek verneem. Daar is met nadere ondersoek gevind dat daar nie genoeg voorraad vir ’n klein middagete vir die kleuters was nie. Voedingsaksie vervul dus ’n groot leemte hier met die verskaffing van die nodige kosvoorraad. Ons het ook kook-apparaat aan nuwe voedingspunte voorsien, waar dit nodig was.

Daar is ook onlangs nuwe versoeke ontvang: uit Devonvallei, Klapmuts en Lanquedoc. In Klapmuts het één voedingspunt spontaan meer vertakkings gekry en moes die weeklikse kosvoorrade noodgedwonge op plaaslike versoek vermeerder word. In Devonvallei is een voedingspunt ook in drie verdeel om verskeie informele nedersettings om praktiese redes afsonderlik te kon bedien: by Kwarantyn, Dwars-in-die-weg en by die Devonvallei Uitvalwerke. ’n Nuwe crèche, *Little Givers* is pas in Devonvallei geopen om die kleuters van hierdie area ’n veilige hawe te bied. Hier is ook ’n groter behoefte op plase aan ons gerapporteer, op plekke waarby ons tans nog nie kon uitkom nie.

Die nood is hoog en ons vertrou ons Hemelse Vader daagliks vir die nodige wysheid vir ons werk. Ons is dankbaar vir sy voorsiening deur elke welwillende donateur en vrywilliger wat dit moontlik maak om Sy groot platform te kan dien.


**Liesel Koen (Projekbestuurder)**
Voedingsaksie@telkomsa.net
021-886-8986




Die honger toue word net langer!





## *Voedsame sop vir die armes*

Meng twee en ’n half koppies droë ertjies met ’n koppie droë sopmengsel (gort, lensies en ertjies) in ’n glasbak wat wyer loop boontoe en bedek met kookwater. Kook op “hoog” vir sowat ’n halfuur in jou mikrogolfoond. Giet dan oor in ’n groot (4*l*) kastrol, voeg nog kookwater by en kook op elektriese stoof verder, met daarby iets vleiserigs: so 200g wors, fyngekap, of maalvleis, die orige swoerd van spek, of 500g sopbene met ’n bietjie vleis nog daaraan. Roer af en toe. Kook tot ertjies byna sag is.

Kap dan watter groente jy ookal het om by te voeg, in blokkies en voeg by: twee gewaste aartappels en stukkies botterskorsie of pampoen met skil en al, gekapte ui, seldery-stingels en/of spinasie of koolblare, selfs broccoli. Vul waar nodig met nog kookwater aan.

So tien minute voor jy die stoof wil afskakel, meng ’n half-koppie “gougaar” mieliemeel met ’n pakkie droë soppoeier en koue water in ’n bakkie en roer by. Daarna, as die sop nog dun lyk, kan drie geklitste eiers ook ingeroer word, vir ekstra krag (roer van die warm sop eers by die geklitste eiers en giet dan in die kastrol).

As die sop effens afgekoel het, haal van die stoof af, haal die bene uit (as daar is), en klits goed met ’n koekmenger of voedselverwerker. As die aartappel en botterskorsie of pampoen nie té klonterig lyk nie, hoef die sop nie geklits te word nie.

Skep die koue sop dan in twee leë 2*l*-roomysbakke en sit die deksels op. Vries oornag. As dit goed hard is, haal deksels af, keer op ’n plank om. Plaas ’n nat, warm lap op elke bak se boom en ná ’n paar minute kan jy die sop-ysblokke uitskud. Sit in dubbele plastieksakke en lewer by Voedingsaksie op die Devonvallei-pad af.

*Bel **021-886-8986** vir padaanwysings.* *JMC*

# Mosambiek-nuus



*Die Zeca-gesin, van links na regs: Jenifa, die pastor se vrou, dan Emella, Jese en Pedro en dan Pastor Zeca Cesar met Aquilla op sy skoot. Die oudste seun, Davide, is nie op die foto nie.*
*Agter staan die motorfiets wat ons vir hom aangekoop het sodat hy darem vervoer het .*

***Herman van der Merwe vertel**:*

Pastor Cesar Zeca en sy gesin bedien die gemeente in Chiconono in die Niassa-Provinsie in Noord Mosambiek. Dit gaan goed met hulle en ons bediening is gereeld met hulle in kontak. In Chiconono (soos die kraai vlieg 770 km wes van Palma en per pad 1085 km ver) gaan dit rustig in die gemeenskap. Ds. Danie Murray het hulle onlangs besoek en aan ons gemeente verslag gedoen.

Andries Schwartz (die gemeente se vorige dominee in Mosambiek) werk tans in Nacala in die Zambesia-Provinsie, ver van Cabo Delgado. Volgens hulle jongste inligting gaan dit met hom en Sunette onder omstandighede goed. Ons kan hulle in gebed aan die Here se sorg toevertrou.

Die vraag wat baie mense Mosambiek mag hê, is hoe affekteer die onlangse geweld in Palma in die Cabo Delgado provinsie oos van Niassa, die Chiconono gemeenskap? Dit is maar ontstellend vir hulle, net soos vir ons, om die berigte te kry.

**Dink asseblief aan hulle in julle gebede!**



**Die Inval in Mosambiek: Verwoesting op Quionga**

***Links:***
*Medesendelinge Andre en Annemarie Thiart het alles in Quionga, noord van Palma, verloor, hulle huis is afgebrand en hulle diere is gesteel. Hulle gemeentelede kruip in die bosse weg. Die Thiarts is in Suid Afrika en is nie direk geraak nie. Hulle is veilig.*

***CHICONONO CHURCH***

***Congregation Statistics:***
*The church has:*
* 1 elder*
* 2 deacons and*
* 1 Sunday school teacher*
* 11 full members*
* 4 members in Catechism*
* 10 Sunday school children.*

## UITTREKSEL UIT DIE PASTOR SE BRIEF:

***PASTOR ZECA REPORTS FROM CHICONONO:***

*Beloved brothers in Christ,*
*First of all, receive greetings from our side.*

***2020***
*We here in Chiconono, with the grace of God, are doing well. And the Lord's work is proceeding normally. The church last year had a programme: to do mission house maintenance, work for the needy, and evangelize. With that we give thanks to God for his help; 60% of the work we planned, we have already done.*

***MAINTENANCE**: We managed to paint four buildings, with three still outstanding.*

***MERCY**: We are supporting five orphaned children with food and clothes; one of the children was left to be breastfed, but we managed to provide milk before the age of eating baby food and stewed fruit.*

***EVANGELIZATION**: God called a person who was a Muslim from a* chehe *(town). He came to work on the radio, but he was called and gave his life to Christ. Although he is still not baptized, he is studying the Bible. This gave me great joy in my heart.*

***THIS YEAR: 2021***
*We continue with the same plans and activities started in 2020. **About Covid 19:** The church is divided into two small groups that we are meeting in homes, but following the rules of prevention.*

***REQUEST FOR PRAYER***
*We have a great challenge in the rehabilitation of the pastoral house. Its ceiling is very damaged. Because of the wind, the plates started to move and there was a lot of water penetration. Because of that, many beams and covers of the false ceiling, that are rotten, need to be renovated. The walls are very dirty and we need to paint. With that we ask for your prayers that God will continue to help us in this work in His honour.*
*God bless you.!*

**Ons kan vir hom en die gemeente en gemeenskap aan die Here in gebed toevertrou.**
**Herman van der Merwe.**

Ruben Scheepers
Managing Director
0723455683
ruben@stellumthombo.co.za
www.stellumthombo.co.za

STELLUMTHOMBO

# Hoe stimuleer 'n mens 'n kind van 3 tot 18 maande?


Alternerende slaap– en stimulasie-opsies

In November en Desember 2020 is bevind dat slegs 31% van kinders onder ses jaar tans 'n vroeëkinderontwikkelingsentrum bywoon. Dit is amper 10% minder as voor die pandemie. Die pandemie het ook skole genoodsaak om af te skaal en baie moes personeel laat gaan net om oop te kan bly. Tans is ons VKO-sentrums in 'n baie moeilike posisie en is die toekoms van ons kinders in gedrang.

Sedert 2020 bied ons kursusse aan wat vroeëkinderontwikkeling-hoofde en personeel verryk en die nodige vaardighede wil bied om in ons veranderde omstandighede kwaliteit-onderrig te verseker.

Sedert die begin van 2021 is daar reeds 'n besigheidsbestuurskursus vir vroeëkinderontwikkeling-leiers baie suksesvol aangebied. In hierdie kursus is skoolhoofde en beheerliggaamlede geleer oor finansiële beplanning, arbeidswette, bemarking in VKO-konteks, en ander tersaaklikhede. Tans is ons besig met 'n stimulasieprogram vir 3-18 maande, waar fasiliteerders leer oor die mylpale wat kinders teen sekere tye moet bereik, hoe om kinders te stimuleer om hierdie mylpale te bereik en wat om te doen as daar probleme is. Ons fokus ook op die skuif van slegs melk na vaste kos, slaap en goeie roetines.

Ons is baie aangenaam verras deur die deelname en entoesiasme van skoolhoofde en fasiliteerders en dit is vir ons 'n groot voorreg om saam met hierdie skole 'n verskil in kinders se lewens te maak.

Dit is vir ons lekker om met mense te werk wat wil saamwerk en dit in 'n fokusarea waar ons 'n definitiewe impak kan maak om die toekoms van die dorp te verander. Ons missie is om die gehalte van vroeëkinderontwikkeling in die dorp te lig, sodat soveel moontlik kinders leergereed is vir wanneer hulle Graad een toe gaan.

Skryf asseblief in op ons nuusbrief deur ons webtuiste te besoek:
https://Stellumthombo.co.za.
Bly so op hoogte met waarmee ons tans besig is. Ons waardeer u belangstelling!

*Arina Scheepers*
Arina@stellumthombo.co.za


Kursusgangers en -dosente handhaaf 'n veilige afstand




Hulle leer om hulle eie instrumente te skep

## Hoe om groente en vrugte lank in die yskas vars te hou

**Groenboontjies en wortels:** Plaas met stingelkant na onder in 'n skoon glasfles en vul dit gelyk met water. Vervang die water af en toe.
**Kropslaai:** Sny sy "voetjie" af sodat dit 'n vars snyoppervlakte het en plaas in 'n glas-, porselein- of plastiekbakkie met sowat 15mm diep suikerwater daarin. Bedek die kop met kleefplastiek en hou dit in die yskas. Sit altyd weer terug nadat jy 'n paar blare vir 'n slaai afgedop het en bedek weer met plastiek. Maak net seker dat die water soms aangevul word.
**Pere en perskes:** As jy 'n groot hoeveelheid gekoop het, pak in 'n reghoekige plat bak en bedek met 'n groot stuk plastiek. Dit sal keer dat die vrugte in die yskas uitdroog en gerimpeld begin lyk.
**Aartappels** bly lank ferm en vars en sonder om "ogies" te maak as jy dit in 'n groot bruinpapiersak in die yskas hou.
**Piesangs** wat styf in plastiek toegedraai is, hou redelik lank in die yskas en word minder gou ryp.

**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co.za

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
083 461 8564
irenee@moederkerk.co.za

Johan van der Merwe
082 940 3319
johan@moederkerk.co.za

MENTERING VAN EERSTEGENERASIE-STUDENTE

# Wat doen 'n Masandise mentor?

MASANDISE STUDIEHULP

Masandise Studiehulp gee nie net geld of goed nie. Die organisasie het 'n span mentors wat openhartige verhoudings met individuele beurshouers bou. Wedersydse respek wat hier gebou word, vorm dikwels die basis vir blywende vriendskappe. Blote **finansiële hulp** is géén waarborg tot sukses nie. Masandise se beurshouers kan nie sonder finansiële hulp studeer nie, maar die **sukseskoers** is soveel hoër met die **leiding en ondersteuning** van 'n mentor.

**Masandise se mentors:**

- sien kans vir die stimulasie van 'n **kruiskulturele** vriendskap
- hou van **jong mense**
- soek kreatiewe **oplossings**
- het 'n **eie styl**, 'n intuïtiewe proses wat ontwikkel rondom elke student.

**Selfstandigheid**

Die mentor se hooffokus is en bly die uitbou van die student se selfstandigheid. 'n Mentor lei die student om self besluite te neem sodat **persoonlike groei** kan plaasvind. Mentors sal eerder 'n voorstel maak en nie sommer namens die student optree nie. Dit voorkom **afhanklikheid** van die mentor.

*'n Mentor hoef nooit in isolasie besluite te neem nie. Nuwe mentors word begelei deur meer ervare mentors. Mentors ondersteun en help mekaar voortdurend.*

**Algemene Riglyne**

- **Eerste besoek** vir algemene inligting, waar moontlik, aan huis; andersins in die dorp of by die kerkkantoor.
- **WhatsApp** is 'n groot hulp, maar soms is 'n persoonlike ontmoeting noodsaaklik.
- Gemiddeld word **een uur per week** benodig. Sommige tye is minder kontak nodig; ander kere mag meer ure per week nodig wees.
- Vra uit na die student se **studie** en sy of haar belewing daarvan; veral toetse, eksamens en tutoriale.
- Die student is verplig om **toetsuitslae en semesterpunte** te verskaf en die mentor moet daarop aandring.
- Die mentor gee altyd 'n wyer **perspektief** en alternatiewe moontlikhede en lei die student om sy/haar eie keuse te maak.
- Die mentor besluit in **samewerking met die ander mentors** oor watter tipe geldelike hulp die student sal ontvang.
- Wanneer 'n student 'n **persoonlike probleem** het, is dit soms genoeg om net te luister. In 'n krisis kontak die mentor die ander mentors en word 'n gesamentlike besluit geneem oor enige geldelike hulp al dan nie.

*Die mentor se eie Christenskap = Spirituele leiding*

**Akademiese leiding**

Moedig eers die student aan om 'n **dosent** te gaan spreek wanneer daar 'n probleem is; indien nodig om 'n **tutor** te kry vir 'n spesifieke probleemarea. Eers daarna kan die mentor versigtig intree, en selfs 'n tutor help vind.

Studente het veral **emosionele ondersteuning** tydens hul studie nodig. 'n *WhatsApp* voor 'n toets of eksamen bevestig dat die student belangrik is vir die mentor.

**Beroepsvoorbereiding**

- Moedig studente aan om kort (en dikwels) **gratis aanlyn-kursusse** te doen, bv. tikvaardighede.
- Beklemtoon die belangrikheid van **professionele beroepshulp**.
- Help die student om **realistiese beroepskeuses** te maak deur te luister en die student aan te moedig om die verskillende opsies te ondersoek.
- Begelei 'n student in die voorbereiding vir 'n **werksonderhoud**. Moedig die student aan om **vooraf** navorsing oor die firma te doen. ***Google*** is hier 'n groot hulp. Help dink aan die soort vrae wat die kandidaat kan verwag.
- 'n Mentor moet baie **geduld** aan die dag lê, en altyd eerder loof as blameer — vind altyd iets goeds en positiefs om te sê, al het die student miskien iets ander gedoen as wat jy verwag het.

*Om 'n mentor vir 'n jongmens te wees, is **bevredigend** en **verrykend** — jy smee 'n lewenslange vriendskap met iemand uit 'n ander kultuur.*

***Saamgestel deur Marida van der Merwe***
***Masandise Sekretaris, marida@hvm.cc***

**Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:**
marianne@moeder-kerk.co.za

**Snapscan:**

## Deeltydse betrekking as boekhouer word gesoek

Met 'n Diploma in Koste- en Bestuursrekeningkunde (*Cost and Management Accounting)* en ervaring in die bestuur van salarisse en lone, sowel as ander bestuursaspekte binne die staatsdiens, met daarby vaardigheid in Microsoft Excel, PowerPoint en Pastel, en kennis van die BAS-, LOGIC-, PERSAP- en SAP-rekenaarstelsels, kon Sibulele Buru ná Oktober 2019, toe sy internskap by Stad Kaapstad tot 'n einde gekom het, nie weer 'n betrekking vind nie.

Hy het hom vanjaar ingeskryf vir 'n BTech-graad by CPUT, as opvolg van sy basiese kwalifikasies. Hy bly in 'n Universiteitskoshuis. Sy aanlynklasse is merendeels saans en hy soek deeltydse of stukwerk as boekhouer of finansiële klerk, by enige plek in die Skiereiland. Skakel of *WhatsApp* vir Sibulele by 0767987110, of sy mentor Schalk by 824176677, om sy CV aan te stuur.

Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2021 word met dank ontvang.




**Bankbesonderhede:**
**Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing:**
***Masandise Studiehulp / Vroeëkinderontwikkeling***

### HY KON NIE WERK KRY NIE; TOE MAAK HY WERK!

# ’n Suksesvolle Entrepreneur

MASANDISE STUDIEHULP






Kayalethu April het die sertifikaatkursus gevolg om eletrisiënwerk te kan doen.

Tydens sy aanvanklike opleiding het hy (en sy broer wat dieselfde kursus geloop het) baie met Wiskunde gesukkel. Hulle mentor het hulle met ’n paar ekstra klasse gehelp.

Albei broers het N6 in swaarstroom-elektrisiteit behaal, maar na ’n internskap by Mediclinic, kon Kayalethu net nie ’n betrekking vind nie. Sy mentor het hom aangemoedig om vir homself werk te skep. Toe is daar ’n advertensie en logo deur ’n familielid van sy mentor vir hom geskep.

Kayalethu is nou ’n entrepreneur wat homself uitdaag om nuwe vaardighede aan te leer. Hy kyk na gepaste spesialisasie-video’s op die Internet en het so vir himself al baie ekstra vaardighede aangeleer. Hy is nou al knap met die regmaak van elektriese hekke, yskaste, mikrogolfoonde en ander kombuistoestelle.

Khayalethus April se “Khaya Electrical” (Khaya beteken “huis”) het nou al drie ander jongmense in diens geneem. Hy is tans besig om hulle op te lei. *MvdM*




oooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooo


*Irénée Heyns*

## Studente se Uitreike in die Covidtyd




Een van die hoogtepunte vir studente wat inskakel by Kruiskerk is die geleentheid om jaarliks op een van die Junie/Julie uitreike te gaan. Baie van ons wat studente was en deel was van so ’n uitreik, kan vandag nog getuig van die groot invloed wat dit op ons gehad het. Vir baie is dit een van die gewigtigste momente in hul geloofslewe – ’n tyd van verdieping en ook die begin van vriendskapsbande, selfs huwelike, wat vir ’n leeftyd hou. Die teleurstelling was natuurlik groot toe dit in 2020 nie kon plaasvind nie, en daar heers steeds onsekerheid oor wat die situasie in ons land binne die volgende paar maande gaan wees, maar ten spyte hiervan, is ons bevoorreg om toegewyde leiers te hê wat in moeilike omstandighede die aflosstokkie dra. Hier is so ’n kykie in die harte van ons uitreikleiers. *I.H.*



### Atlete vir Christus

**Riaan Kleyn vertel**: “Die kaart wys ons toerroete.”

### Riaan sê

*“Die teleurstelling was natuurlik groot toe ons in 2020 die toer moes afstel as gevolg van Covid-19. Een van die moeilikste goed was om die gemeentes waar ons sou gaan optree, te laat weet dat die toer gekanselleer is. Maar die bemoedigende deel is dat ons hierdie jaar dieselfde gemeentes weer kon nader, en hul almal deur die bank opgewonde was om ons vanjaar te ontvang. Ons besef daar is steeds baie onsekerheid, maar ons gaan voort met ons reëlings asof die uitreik wél gaan plaasvind sonder om naïef met die werklikheid om te gaan. Ons is baie dankbaar dat ’n groot aantal studente wat verlede jaar sou gaan, gelukkig vanjaar weer hul name opgeskryf het, asook ’n paar eerstejaars. Ons het reeds ons Kenmekaarkamp gehad en ons glo ons is rats genoeg om kreatief te reageer as ons wel weer ’n grendeltyd beleef.”*

### Lesotho Hoop Projek



**Christine Venter skryf:**

*“Daar was natuurlik ’n groot mate van opwinding vir die LHP span vir 2020, en ons was diep teleurgesteld toe Covid ons van die geleentheid ontneem het. Bo en behalwe die teleurstelling, was daar ook ’n mate van verlies wat ons ervaar het, wat betref die impak wat die projek het, beide op die studente wat gaan, maar ook op die gemeenskap van Maphutseng. Ons plaas baie hoop in die voortleef van die projek in 2021 en ons is dankbaar vir die aantal mense wat steeds opgewonde is vir hierdie reis saam met God. Ons fokus gaan veral wees om ’n kleiner span met ’n klomp nuwe mense te vat, met die oog op die toekoms – veral nuwe leiers wat die leisels kan oorneem. Maar daar is steeds uitdagings, veral die bekommernis aangaande die derde vlaag wat Suid-Afrika waarskynlik gaan tref. Ons bly in biddende afwagting vir die Lesotho Hoop-projek 2021, wat in Julie plaasvind.”*

### Transkei Werkersaksie **Le Roux Kloppers sê**



*“Wat Covid my geleer het, is hoe belangrik dit is om op ander se skouers te staan wat al vantevore hierdie uitreik gereël het; om te besef ons is nie alleen op hierdie reis nie, en dat ons saam die pad bou, al is dinge geweldig onseker. Ek het ook geleer om saam met ander doelbewus te dink oor waarmee ons besig is en was in Transkei; wat dra gewig en wat nie? Hoekom doen ons wat ons doen? Beweeg ons in die regte rigting, of is dit dalk nou tyd om ons koers aan te pas? Dit was en is ’n wonderlike proses om nuut te dink en ons besig te hou met vrae wat ons andersins dalk nie genoeg gevra het in die verlede na afloop van ’n uitreik nie: wat moet ons ophou doen en wat moet ons aanhou doen? Dit was eintlik nou maklik om sekere goed net te laat vaar en vars na die uitreik te kyk. Ons span is voltallig en, alhoewel ons vir ’n korter tydperk in die Ooskaap gaan wees, hoop ons die uitreik sal kan plaasvind.”*





Wie sê opelugdienste kan nie net soveel *Praise & Worship* behels as dienste in die kerk nie? Hier wys die gewone *band* die Kruiskerkgangers hoe hulle kan spéél.

# 2021 en *Studente is weer op die Bos!*

## *Studente se belewenisse van die terugkoms en die rol wat kleingroepe hierin speel*

*Angelique Havenga het 'n aantal studente oor hul gevoelens oor terugkeer ondervra:*



**Elizma Beyleveld (BMus III)**

"Stellenbosch is hierdie jaar vir my 'n plek waar ek weer 'n sin van *community* kan beleef. Kleingroepe is 'n veilige ruimte waarin ek weer kan tuiskom – nie net in die dorp nie, maar veral ook in die gemeente. In ons kleingroep voel dit nie asof COVID iets van ons weggeneem het nie, maar dat dit eerder ons verhoudings met mekaar versterk het."



**Jana Wessels (BRek Hons)**

"Net die feit dat ons terug op Stellenbosch is, is klaar soveel anders. Ek het weer besef watter groot voorreg dit is om in mekaar se teenwoordigheid te kan wees en saam 'sel' te kan hou. Die lewe het hier op Stellenbosch vinnig weer spoed opgetel en ek moet myself net kort-kort weer herinner aan die groter perspektief. Ek het net weer opnuut besef hoe 'n groot verskil dit maak om fisies by mekaar te wees. Daar is maar net 'n ander 'konneksie' tussen mense en dit is nie dieselfde as 'n Zoom-gesprek nie."




**Johan Hanekom (M.Ing Bedryfs)**

"Op Stellenbosch was my kleingroep nog altyd vir my 'n veilige ruimte waar ek my verhouding met die Here passievol kan bespreek, in my eie huistaal. Ek dink dat kleingroepe en die gemeente nou moontlik 'n groter rol speel as ooit tevore. Die stres en angs van 'n pandemie en aanlynklasse kan soms net te veel wees. Kleingroepe bring vir my 'n gevoel van normaliteit terug in my dag. Dit is hierdie stukkies van normaliteit wat my altyd vars hoop gee."



**Gretchen Bekker (M.Ing Bedryfs)**

"Dit is wonderlik om terug op Stellenbosch te wees. Ons kleingroep maak my, in hierdie vreemde tyd, daarvan bewus dat dankbaarheid baie vorms kan aanneem. Ons kleingroeplede is mense wat my van binne en buite ken; hulle verstaan my en laat my groei. Hulle het my laat besef dat afstand en ouderdom geen rol speel as jy jou verhouding met God wil versterk nie."



**Emile Pëtersen (BRek Hons)**

"In die geheel beskou, glo ek nie kleingroepe het verander van wat dit was vóór, of tydens grendeltyd, of nou, met die studente terug op kampus, nie. Wat wél verander het, is ons gesindheid en dankbaarheid vir hierdie ongelooflike ruimte wat vir ons geskep word om saam met medegelowiges 'n pad te stap. Kleingroepe is ook die perfekte 'COVID-teenmiddel' — dit is klein, veilig en sluit jou naastes in, wat jou deur dik en dun sal ondersteun."

## *Kleingroepleiers ontmoet as Grootgroep elke Dinsdagoggend om 7h00*






Die jaar 2021 het aansienlik anders begin as enige vorige jaar. Nie net het die universiteit se akademiese jaar baie later as gewoonlik afgeskop nie — eers in Maartmaand! — maar studente keer ook terug ná maande se aanlynklasse, *You Tube*-eredienste en Zoom-kleingroep-byeenkomste. **Angelique Havenga** het hierbo gesels met 'n paar kleingroepleiers oor hulle ervaring van hul langverwagte terugkoms op Stellenbosch en die wyse waarop hulle die kleingroepe in hierdie nuwe omstandighede beleef. Hier sien ons hulle in (inter-) aksie by hulle leiers-normaalklas, wat tans as "Grootgroep" bekendstaan.



STOEPSTORIES

# Ons eerste maand in Utopia

Ons besluit om na ’n ouetehuis-woonstelletjie te trek, het nie skielik gekom nie: dit was ’n geleidelike bewuswording dat die tyd begin aanbreek vir ’n skuif na ’n kleiner plek, met minder verantwoordelikheid vir elke dag se huishouding.

Oor die soektog na die regte plek en die opruim en inpak en afpak, kan ek ’n boek skryf: in kort – dit is nie maklik nie. Maar onlangs het ons in Utopia ingetrek, begin nes skrop (waarmee ons nog steeds besig is!), ons begin instel op ’n nuwe lewensstyl.


Die woonkamer

’n Mens se lewe raak kleiner: (baie) minder ruimte, minder meubels, kleiner meubels, minder kaste (dus minder goeters!), minder skoonmaak, wasgoed was, koskoop en kosmaak, minder kóóp! Hierdie kleiner en eenvoudiger lewe is vir seker bevrydend! Die uitdaging is om die “meer” tyd tot jou beskikking te vul met sinvolle aktiwiteite, dinge waarvan jy jou, dinge wat jou deel laat voel van die groot wêreld daar buite.

Dis ’n rustige lewe, niemand jaag êrens heen nie. Die personeel is knap en ervare. Utopia se ligging is net eenvoudig onverbeterlik: ’n mens leer weer stap: winkel toe, kerk toe, dokter toe, koffiewinkel toe, berg toe, rivier toe…!


Moederkerk is sommer naby!

Daar is ’n vriendelike aanvaarding van *inkommers*. Almal hier het ’n storie wat strek oor baie dekades; elkeen het ’n verhaal met baie vreugdes, baie leed, baie hartseer, baie verlange en baie dankbaarheid. Maar ons leef ook nog in die hede, sien uit na die toekoms, al meet ons die toekoms in kleiner brokkies as vantevore.

Ek was benoud dat dit sal voel soos ’n skoolkoshuis – met tye en reëls en druk-om-deel-te-raak, maar ek is aangenaam verras deur die respek vir elkeen se privaatheid – en Covid-19 sensitiwiteit: jy weet later hoe lyk almal se oë en watter masker elkeen dra!

Ons leef intenser: naby aan die natuur in die pragtige tuin met groen gras, baie water, groot bome, kwetterende voëltjies (en ’n swart kat!) en Stellenboschberg wat oor ons waak.

***Ons woon in ’n utopia!***

*Marina en Tinus van Zyl*


Pragtige pers salies pryk in die tuin

WERKSKEPPINGPROJEK

## Was jy al daar?

Aunty Sophie se Kombuis

*Stellenbosch Crafts Alive NPC* is ’n ontwikkelingsprojek wat kunstenaars en kunshandwerkprodusente met opleiding en mentorskap ondersteun. Hulle word gehelp om ’n inkomste te verdien deur hulle kreatiwiteit produkte te skep. Dit word by iThemba in die ou Landbousaal verkoop.

Die projek, op die oewer van die Eersterivier, en naasaan die Kweekskool, huisves, benewens die handwerkprojek, ook “Aunty Sophie se Kombuis”, ’n koffiekamer en volwaardige eetplek wat die heerlikste eetgoed voorsit.

Hulle is elke dag van 7h00 tot 16h30 oop. Veral hulle roosterkoek, melktert en kaaskoek is baie gewild, saam met ’n heer-like koppie koffie of tee. Roosterkoeke is hulle lokproduk. Met frikkadel in, word dit as ’n “burger” voorgesit, maar daar is ook ’n “ontbytrooster”, ook roosterkoek met botter en kaas, of met kerrie-maalvleis, of jy kan jou toebroodjie “opgradeer” na ’n roosterkoek met toebroodjievulsels.

Benewens “Aunt Sophie” se kombuis het *Stellenbosch Crafts Alive NPC* as ’n maatskaplike onderneming (*social enterprise*), as moedermaatskappy twee ander bene. Die moedermaatskappy doen ontwikkelingswerk, terwyl iThemba die kuns- en handwerkprodukte verkoop. Verskeie produkte uit Stellenbosch en omgewing word ook te koop aangebied.

Die personeel van twaalf by tant Sophie se koffiehuis was meesal werkloos weens Covid voor Anna Kruger vir hulle dié werk geskep het. Daar is ook drie naaldwerksters en vyf deeltydse borduursters uit Kayamandi betrokke. Altesaam twintig mense, wat dit werklik nodig het, is dus verseker van ’n inkomste in hierdie uitdagende tyd.

Die isiXhosa woord *iThemba* beteken “hoop”, en *hoop* is wat hierdie projek aan voorheen (en dikwels tans ook nog) benadeelde mense gee, en, nodeloos om te sê, ook aan verskeie van hulle familielede.

*Vir meer inligting, skakel*
***Anna Kruger 813639762***
*of kom kyk self en geniet van die heerlike verversings wat hul bied!*

ANDER GOEIE NUUS

## *Simbo vind werk by Aunty Sophie!*

Simbo het al baie swaarkry in haar jong lewe gesien. Toe sy nog op skool was, is haar sieklike ma weg, Ooskaap toe, en het Simbo en haar boetie in die sorg van hul ouboet, toe nog ‘n Masandise student, gelaat. Hy het sonder om te kla vir hulle almal met sy klein toelagie gevoed, wat toe met tyd verhoog is. In 2011 is hulle moeder oorlede, en Ouboet het steeds vir hulle gesorg. Twee jaar later het hulle karige meubels byna uitgebrand toe die kragtoevoer in die plek waar hulle gebly het, onklaar geraak het. Met behulp van Moederkerk kon hulle die nodigste goed vervang. Nadat Simbo matriek met goeie punte geslaag het, kon sy net nie plek in ’n universiteit kry nie. Na nog oponthoude, het sy vir ’n diplomakursus in Sakebestuur ingeskryf. Sy het akademies goed geslaag, maar kon glad nie daarná die verpligte internskap bekom nie. Haar mentor hoor toe van Anna Kruger se projekte en Anna neem vir Simbo in diens, eers net vir twee dae per week, maar met die vooruitsig van ‘n internskap. Anna vertel dat Simbo ‘n “ware staatmaker” is. Haar trotse mentor is veheug dat Simbo werk het, en is trots op haar deursettingsvermoë.

***Dankie, Anna, namens Masandise!***

SENIORBEDIENING

# Tyd bring altyd veranderinge: Van hartseer na hoop!



## Hartseer: Totsiens, Wynand!

Einde Februarie het Wynand Nel as Pastorale Hulp by Moedergemeente, afgetree, nadat hy vir sowat 20 jaar verantwoordelik was vir die senior-bediening in die gemeente. Hy is aangestel in ’n tyd toe die gemeente vinnig gegroei het en iemand nodig was om meer toegespitste aandag aan senior lidmate te gee.

Die terminologie was aanvanklik nogal ’n ding! Wat noem jy nou die lidmate vir wie hy verantwoordelik is? “Ou mense” en “bejaardes” sou nie werk nie, daarom is besluit op die term “Senior Bediening”. Die volgende probleem was die ouderdom-afsnypunt. Is dit 65, of 70, of wat? Daar is toe besluit op 75 jaar: alle lidmate wat 75 jaar en ouer is, is deel van Wynand se “wyk” of senior bediening. Nie net dié in die aftree-oorde nie, maar ook dié wat nog in hulle eie huise woon.

Geleidelik hoor ons toe dat daar ’n “vrees” in die gemeente begin ontwikkel het: die vrees om te hoor dat jy nou deel van Wynand se bediening is! Want dan is jy mos oud! Die manier hoe Wynand hierdie bediening gedoen het, het egter al hierdie vrese laat verdwyn. Met sy innemende luistervermoë het hy almal wat hy besoek het, op hulle gemak gestel en die ervaring gegee dat hulle storie belangrik is.

Vanweë die ouderdomsprofiel van sy wyk het Wynand uiteraard baie begrafnisse gehou. Almal met wie hy hierdie hartseer stukkie pad geloop het, het ervaar met hoeveel deernis en sensitiwiteit hy dit doen. Met elke begrafnisdiens het hy ’n waarde en waardigheid verleen aan die persoon van wie afskeid geneem is.

Vir baie lidmate was Wynand se prediking ook iets waarna hulle altyd uitgesien het: stimulerend, deurdag, soms “pittig”, soms “klip in die bos”! En nooit lank nie – want na die oggenddiens moes hy deurry Kaapstad toe waar hy ook die deeltydse predikant van die “Kruiskerk-gemeente” was.

Nou het Wynand self 65 geword en soos alle predikante moet hy daarom aftree. Namens talle gewese en huidige senior en nie-senior lidmate sê ons vir hom: baie, baie dankie vir jou bediening in Moedergemeente. Jy kan nou rustig aftree – en weet dit is darem nog 10 jaar voordat jy self deel van die senior bediening word! Mag die Here jou seën in hierdie nuwe lewensfase

*Hannes Koornhof*
*forelle19@gmail.com*

## Hoop: Welkom Elmarie!

Ons gemeente is bevoorreg en geseënd met lidmate oor alle ouderdomsgrense: van ons dooplidmate, kinderbediening, jeugbediening, tienerbediening, ons magdom studente in Kruiskerk, werkendes en afgetredenes, tot ons senior lidmate in ons aftree-oorde en elders.

Om hierdie spektrum van gemeentelede in ons bediening sinvol te versorg, fokus ons predikantespan hulle betrokkenheid op die verskillende groepe. Vir die afgelope 20 jaar was ons seniorbediening in die hande van Wynand Nel, vir wie ons teen die einde van Februarie *ná* sy aftrede totsiens moes sê. Wynand het oor al hierdie jare met liefde en deernis na ons seniors omgesien, waar hy ’n geliefde versorger en predikant was. Hy sal vir seker gemis word.

Dis vir ons baie belangrik om die bediening onder ons seniors met liefde voort te sit en ons sien uit daarna. Hoewel al ons predikante gereeld by algemene pastorale versorging betrokke is, sal Marié Britz en Jan van Zyl aanvanklik verantwoordelikheid neem vir ons twee aftreeoorde. Marié sal haar ontferm oor Azaleahof en Jan sal verantwoordelikheid neem vir Utopia.

Intussen is Elmarie van Huyssteen (tans voorsitter van die Moederkerk Kerkraad) uit ons gemeente in die NG Kerk gelegitimeer en sy skakel met liefde in by beide aftreeoorde, waar sy die verantwoordelikheid vir pastorale besoeke, Bybelstudie-geleenthede en bediening van die nagmaal sal neem

Ons sien uit na die nuwe fase van ons bediening onder ons seniors, nie net in die aftreeoorde nie, maar vir alle seniors in ons gemeente. Ons hoor graag van julle; kontak ons gerus met nood, nuus of sommer net om te gesels. Ons hoor baie graag van julle!

*Skakel Elmarie van Huyssteen by* **0827456556**



’n Nuwe predikant! Marié verwelkom vir Elmarie by haar legitimasie




**Gesinsdiens**

Ons het op Palmsondag 'n gesinsdiens in die Kweekskool se tuin gehou met 'n heerlike skattejag met praktiese maniere om die kruis- en opstandingsgebeure te vier.

KINDERBEDIENING

# Hoe werk kategese tydens grendeltyd?

Kategese vir die Graad 1-6 kinders was in die grendeltyd 'n groot uitdaging. Ons het veral tydens die Sewe Weke-program sterk op ons ouers se insette gesteun om Huisgeloof-geleenthede te skep om dit waaroor Sondae in die eredienste gepraat word, ook by die huis met gesinne te hanteer. Ons het 'n weeklikse kort video uitgestuur om ouers met hierdie gesprekke te help. Ons is opgewonde om te sien dat baie gesinne van hierdie hulpmiddel gebruik gemaak het.

Noudat die getalle per erediens opgestoot is na 250 per diens, moedig ons ouers aan om met hulle kinders kerk toe te kom en ná die Kindertyd uit te stuur vir die Kategese program. As gevolg van die US se Covid regulasies kan ons nog nie die Kweekskool vir Kategese gebruik nie. Tot tyd en wyl hierdie reëling verander, vergader ons in die Kerkhuis.

*Voortgesit op 15*




## Huisgeloof vir Pase

Ons is besig met ’n reeks oor die eerste woorde wat Jesus gesê het na sy opstanding (uit Johannes 20.)

**Ons sien mekaar raak**

- Een van die gesinslede steek die Christuskers aan, waarna ons mekaar groet met die woorde: *Die Here het waarlik opgestaan.*
- Soos wat julle in ’n kring om die tafel sit, neem ons ’n oomblik om bewus te word van elkeen in die gesin. Maak julle oë toe. Een van die gesinslede begin en noem die naam van die een links van jou. Gee ’n oomblik van stilte en gaan aan na die volgende persoon.
- As almal klaar is en elkeen se naam genoem is, sê julle wat julle hoogte- en laagtepunte van die week was.

**Laat iemand die opstandingsverhaal uit Joh 20:1-18 lees**

Maria Magdalena het ’n baie spesiale verhouding met Jesus gehad. In al vier die Evangelies kry ons haar by die kruistoneel, is sy teenwoordig wanneer Jesus sterf en is sy ook teenwoordig by die opstandingstoneel. Wanneer die dissipels Jesus verloën, verraai en uit vrees weghardloop, bly Maria deur dit alles by Hom. In die verhaal sien ons dat Jesus heel eerste aan Maria verskyn. Wanneer sy die nuus aan die dissipels gaan vertel, word sy die eerste gestuurde apostel met die goeie nuus. Maria herken eers nie vir Jesus nie en dink dis die tuinier, maar wanneer Jesus haar naam noem, gaan haar oë oop.

*Jesus ken ook jou naam. Reeds toe jy gedoop is, is dit aan jou bevestig dat jy Jesus se geliefde kind is. Deel met mekaar wat dit vir jou beteken dat Jesus jou op jou naam ken en jy sy geliefde kind is.*

Wanneer Jesus Maria se naam noem en sy Hom herken, steek sy haar hande uit om Hom te omhels. Hierop reageer Jesus met “*Moet My nie vashou nie.”* Na Jesus se opstanding is sy teenwoordigheid anders, groter. Hy is nou meer as Maria se goeie vriend en leermeester, Hy is nou Christus vir *almal* en in almal.

**Afsluiting:**

- Deel met mekaar watter “selfsugtige” idees of prentjies van Jesus jy moet laat gaan om jou oop te stel om Jesus raak te sien in elke persoon wat jy ontmoet.
- Sluit af deur in stilte mekaar in die oë te kyk en dan vir mekaar te sê: *“Ek sien Christus in jou.”*

***Jan van Zyl***

**Selfoontoepassing**

Ons moedig ouers aan om die **DinkJeug** Toep (App) af te laai’ wat materiaal gee wat ouers tydens hulle huisgeloof- geleenthede saam met hulle kinders kan gebruik: https://dinkjeug.co.za/tag/app/ .

**Gespesialiseerde pastoraat**

Indien jy familie- of ouerskapsverwante pastoraat verlang of kwelvrae het, kontak gerus vir Jan van Zyl, ons Familie-predikant by 082 871 3155 of stuur ’n e-pos na jan@moederkerk.co.za.

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

### ’n TANNIE VAN 80 ONTHOU

## Wat onthou *jy* van jou prille jeug?

Kan jy enigiets onthou van vóór jy drie geword het? My broer, wat 13 maande en tien dae ouer is as ek, sweer hy kan onthou hoe hy as peuter vir my as pap babatjie gesien lê het. En ek? Wel, dít onthou ek nie!

Wat ek wél onthou, moet ek aanvul met inligting wat my ouers later vir my gegee het. My pa was ’n predikant, en hy het vir sowat agttien maande as kapelaan by die Suid-Afrikaanse Weermag tydens die Tweede Wêreldoorlog aangesluit. Ons het vir daardie tydperk uit Kaapstad self na ’n huurhuis in Wynberg getrek. Ek kan onthou hoe my pa in sy gasmasker saam met die ander “soldate-omies” byeengekom het. Blykbaar is al die kapelane verplig om elke week vir ’n halfuur met hulle gasmaskers op, met die lang slurpe en die filtreerder-kissie voor die bors, te oefen aan die dra daarvan.

Soos ek dit verstaan, het my vindingryke pa voorgestel dat hulle daardie halfuur met ’n biduur verwyl. Hulle het glo almal plegtig bymekaar gesit en ’n waardige ekumeniese biduur gehou.

My broer het glo baie gehuil as my pa soggens na die militêre kamp toe moes gaan — blykbaar was hy bang die verkeerde “soldaat-omie” kom die aand by ons huis aan. Hulle het dan almal so eenders gelyk! Maar Pappa het darem nie verdwaal nie

Ek kan ook onthou dat ek eendag baie stout was. Wát ek gepleeg het, weet ek nie meer nie, maar my ma het my by die glasvoordeur uitgesit en die deur toegetrek. Ek kan onthou hoe ek huil-huil beurtelings by elke venster gestaan en smeek het om weer binne te kom. Ek is seker ek was nie lank buite nie, maar ek kan getuig dat ek daarna ’n *baie* soet dogtertjie was. Of so onthou ek.

Ek kan onthou hoe ons my oupa, wat by ons gebly het, in die hospitaal besoek het ná ’n operasie, en dat my ouers vir my pa se vriend se seun in die hospitaal presente geneem het. Hy het die gevreesde Polio-siekte gehad en ons mag nie saamgegaan het nie. Daar was destyds nie ’n entstof teen Polio nie.

Ek onthou die blye dag toe ons teruggetrek het stad toe — ek het op die agterste sitplek van die motor regop gestaan; ek was so klein (dis die dae voor veiligheidsgordels).

Ek onthou daardie Kersfees, toe ek drie-en-’n-half jaar oud was. Ek het ’n skaapvelteddie gekry. Ek het hom “Vettie Andries Teddie Beer” genoem. Hy was dokter én predikant, ál beroepe wat ek geken het.

En ek onhou my vierde verjaardag goed. Toe ek vroeg die oggend in my ouers se kamer kom, was my broer al lankal voor my daar, en hy het toe al met Teddie se splinternuwe vrou gespeel! Ek sukkel nou nog om hom te vergewe. Ek het naamlik daarop aangedring om ’n *vrou* vir Teddie te kry, nóg ’n beer, nie ’n *pop* nie. Sy het ’n gehekelde blou rokkie aangehad. Sy was natuurlik toe verpleegster én onderwyseres. Ek het nou nog vir “Miss De Beer”. Sy sit op my boekrak.

’n Kind se geloof is so eenvoudig. Ek het tóé al verstaan dat die Here alomteenwoordig is. Toe begin ek my bekommer dat ek saans moontlik “bo-op hom” lê. Dan kniel ek onder die komberse, sodat ek nie té hard op Hom sou druk nie, en bid om vergifnis. Nie lank daarna nie, het ek begin besef Hy is klaar seergemaak sodat ons nooit seer sal hoef te kry nie — “Jesus is dood sodat ons kan lewe?” het ek vir my ma gevra. Toe sy ja sê, tóé verstaan ek.

*Liewe Heksie*

**Interessante Statistiek oor Moederkerk-Kruiskerk se *You Tube*-videokykers:**

**Irénée Heyns vertel:**

- Intekenaars: **1473** (In Maart 2020 was daar 17)
- Totale aantal kyke (“*views*”) sedert Maart 2020: **216 800**
- Ons staan op gemiddeld **12000** kyke/*views* per maand
- Kyktyd per maand wat mense aan ons kanaal bestee: **2500** ure (totaal **37 813** ure sedert Maart 2020)
- Video wat die meeste gekyk is: Kerssangdiens 2020 – **3365** kyke
- Geslagpersentasies van mense wat inskakel: 65% Vroue; 35% Mans

**Geografiese verspreiding van kykers:**

- 83% kykers is in RSA
- Die res is minder as 1% per land.
- Naas RSA is die vyf lande met die meeste kykers:

1. Namibië
2. Nederland
3. Kanada
4. VSA
5. Verenigde Koninkryk

Ander lande (met enkele kykers): Australië, Duitsland, Saoedi-Arabië, Slovakye en Singapoer.

**STROMINGSDIENS TELEVISIE**

# *Wat kyk ons Predikante?*

Netflix het die wêreld van vermaak vir ewig verander. Nooit weer is dit vir ons nodig om by 'n videowinkel in te stap nie; verby is die dae dat jy 'n episode van jou gunstelingreeks misloop omdat jy 'n onverwagte gas vir aandete kry. Dit bied aan ons die wonderlike plesier om nie net *self* te kan kies wat ons wil kyk nie, maar ook om te bepaal *wanneer* ons wil kyk.


Die keuses op die Netflix-tuisblad is egter dikwels oorweldigend en dit neem soms langer om 'n fliek of episode van 'n reeks te kies as wat dit sou neem om dit te kyk. Om hierdie proses te bespoedig en dalk ons eie keuses te vergemaklik, het ons die dominees genader om die vraag "Wat om te kyk op Netflix?" te beantwoord. Hier is elkeen se antwoord:

**Johan van Merwe**




"'n Reeks wat mens nie juis kan "geniet" nie, maar wat jou vasgenael hou, is die Deense mini-reeks *The Day will Come*. Dit handel oor die vergrype wat plaasgevind het in die Deense kinderhuise in die 60's en 70's. Ontstellend, leersaam, laat dit jou met die gevoel 'nooit weer nie, en nêrens anders nie' mag mense in gesagsposisies so sonder oorsig en toesig wees nie."

**Angelique Havenga**





"Die hartroerende verhaal van *Anne of Green Gables,* wat in 1908 deur Lucy Maud Montgomery neergepen is, word deur Netflix hervertel in die treffende reeks *Anne with an E*. Die reeks handel oor die moedige weeskind Anne wat 'n onwaarskynlike tuiste by 'n ongetroude broer en suster op die plaas Green Gables vind. Dit roer nie net 'n groot aantal belangrike temas aan nie (waaronder die sin van behoort en die verwerking van trauma), maar vertel ook die verhale van die gemeenskap waarbinne kinders grootgemaak word. 'n Bonus is natuurlik die asemrowende Kanadese landskap waarteen die verhaal afspeel, asook die pragtige klankbaan .

**Jan van Zyl**





"Ek kyk tans die reeks *The Crown,* wat oor die heerskappy van Koningin Elizabeth II handel. Die geskiedenis van Engeland, sowel as van die wêreld, wat in elkeen van die episodes uitgebeeld word, is uiters interessant en gee aan die kyker 'n voëlvlugperspektief van dinge wat in die laaste eeu gebeur het. Die reeks laat my met die kritiese vraag: "*Hoe leef ons in die werklike wêreld?*" Ons kan elkeen soms as "koninklikes" in ons eie gemaksones leef en hierdie reeks laat my ook my eie lewe in hierdie opsig in oënskou neem."

**Irénée Heyns**




"Die nuwe dokumentêr wat onlangs op Netflix uitgereik is, getiteld *Seaspiracy,* lewer 'n diepgaande blik op die oorsake van die verslegtende toestand van ons oseane. Die film volg vir Ali Tabrizi en sy vrou Lucy waar hulle ondersoek instel oor wat die werklike gevolge is van kommersiële visvang, walvisjag, bodem-treilvissery, haaivin-stropery en visplase en wat dit gaan beteken as die wêreld nie hierdie kwessies ernstig gaan opneem nie. Definitief die kyk werd!"


**Marié Britz**




"Ek is nie die grootste fliekflooi nie, maar is baie lief daarvoor om na sport te kyk (veral gholf!). Ek het onlangs 'n dokumentêr op *Showmax* oor die wêreldbekende gholfspeler Tiger Woods (getiteld '*Tiger'*) gekyk.


Die verhaal van sy opkoms as belowende gholfspeler en die latere vernietigende uitwerking van superroem het 'n diep indruk op my gelaat. As jy 'n sportliefhebber is, en veral as jy in gholf belangstel, gee hierdie dokumentêr beslis aan jou dieper insig in die lewens van professionele sportsterre en die uitdagings wat deur roem aan hulle gestel word."

**Ruben Scheepers**





"Die dokumentêr *Becoming You* wat tans op *Apple tv+* beskikbaar is, kan ek baie sterk aanbeveel. Hierdie dokumentêr handel oor die ontwikkeling van babas dwarsoor die wêreld. Dit is veral merkwaardig dat die verskillende ontwikkelingsmylpale van babas oral teen dieselfde tyd bereik word – ongeag van die konteks waarin die baba grootword. Nog 'n interessantheid was die uiteenlopende verwagtinge wat ouers uit verskillende dele van die wêreld van hulle kinders het. As jy toegang tot *Apple tv+* het, moet jy nie hierdie dokumentêr oorslaan nie."

**Richard van Wyk**




"Ek fliek nie regtig nie, maar sal eerder vir ontspanning lees. Alhoewel ek dikwels as 'lees-verslaafde' beskryf word, lees ek nie noodwendig altyd diep filosofiese of teologiese boeke nie. Inteendeel; om te ontspan lees ek boeke wat as 'osmose-boeke' bekend staan: boeke wat sommer so self in mens se wese intrek. Hiervoor beveel ek skrywers soos Clive Cussler, Dick Francis, James Patterson, Chris Ryan, David Baldacci en ander in hierdie genre aan."

**Lionel Hutton**




"'n Fliek waarmee ek groot geword het, wys tans op Netflix: die 1989 animasiefilm '*The Prince of Egypt'*. Die kleurvolle en kragtige uitbeelding van Moses en Israel se tog uit Egipte en die klankbaan is van so 'n aard dat die liedere vir weke nog in jou kop sal draai. My gunsteling gedeelte van die fliek is die toneel waar God met Moses deur die brandende bos praat. Dit is nie net 'n fliek vir kinders nie, maar ook vir volwassenes. As jy dit nog nie onder oë gehad het nie, is dit nou jou kans!"

***Saamgestel deur Angelique Havenga***

# “Vanwaar die nuwe bont serp om die predikante se skouers?”

**Nee, dis nie ’n serp nie—dis ’n Liturgiese Stola!**



**Die kleure wat gebruik word is die simboliese kleure van die kerkjaar:**

**Swart**: Dood en Goeie Vrydag
**Blou**: Kleur van lug, Hemel, waarheid, aanvaarding – Advent
**Bruin**: Spirituele dood en vernedering
**Grys**: As, lyding, sterflike liggaam, onsterflike siel – As-Woensdag
**Groen**: Groei, lente, lewe, Epifanie – Koninkrykstyd
**Pers**: Rou, verootmoediging, koninklikheid – Advent en Lydenstyd
**Pink**: Afwagting en vreugde – Advent
**Rooi**: Bloed en vuur – Pinkster
**Wit/Silver**: Suiwerheid, onskuld, heiligheid – Kersfees en Paasfees
**Goud**: Kersdag
**Geel**: Lig – Goddelikheid

Ons Predikante het nou elk so ’n stola vir gebruik op kerklike feesdae. Dit is by die Kweekskool se Kuratorium aangekoop.

**Verskillende simbole is gebruik:**

**Plantegroei** – Groei in die Woord!
**Kompas** – Bly op koers!
**Horlosie** – Bestee en gee genoeg tyd!
**Koring** – Groei as die koringaar vir Christus!
**Vlerke** – Die Vader se seën sal oor jou wees!
**Kroon** en ***Fleur de lis*** – Jy is gebind aan die Koning!
**Duiwe** – Geluk en vrede sal oor jou dae wees!
**Boom** – Boom van lewe en dood.
**Musieknote** – Sing lof tot sy naam!
**Water/golwe** – God was jou skoon!

LH, MB & JMC



TIENERGEDRAG

## Waarom ’n digitale generasie kerk *in persoon* verkies

Met die aanvang van hierdie jaar is die opening van skole uitgestel en kerkgaan vir tieners, soos vir almal, belet. In reaksie hierop het Tienerkerk ’n aanlyn-erediens op *Youtube* van stapel gestuur.Dit was ’n reuse sukses wat betref kykergetalle. Maar met die opening van die skole en eredienste het dieselfde tiener-aanlyn-kykers summier die sosiale media platforms agtergelaat en met haas teruggekom kerk toe.

Hoekom sou die generasie wat met alomteenwoordige tegnologie en sosiale media grootword, eerder verkies om in persoon ’n erediens by te woon? Vanuit gesprekke met verskeie tieners sê hulle die volgende:

“Aanlyn *Praise & Worship* is net nie dieselfde nie.” Elke van Wyk vertel dat lofsang ’n groot rol in die geloofservaring van tieners speel. Sy noem verder dat lofsang ook nie iets is wat jy op jou eie wil ervaar nie, maar eerder *sáám* met ander.

“Kerk gaan oor God én ander,” voeg Iris Saunders by en noem dat dit ’n groot uitdaging is om op jou eie ’n ontmoetingsoomblik met die Here te hê. Sy vertel dat die teenwoordigheid van vriende en medegelowiges ’n tipe ruimte skep wat dit makliker maak om die Here te ontmoet. Sy reken dat ’n aanlyn erediens beroof is van alles wat kerkgaan vir haar spesiaal maak. Dané van Zyl stem saam met Iris en voer aan dat kerk in persoon ervaar moet word, nie op jou eie, alleen en met allerhande afleidings nie.

“By die huis is daar te veel afleidings en by die kerk is daar, wel, net *kerk*!”, sê Pieter de Kock. Hy tref ’n baie interessante onderskeid: “Sosiale media is daar vir vermaak, nie vir die dieper dinge nie.” Hy vertel dat tieners na sosiale media-platforms vir vermaak gaan en dat hierdie vermaak op onmiddellike bevrediging inspeel. Hoe meer inhoud jy in ’n korter tyd kan kyk, hoe beter. ’n Erediens is “te lank” en tel nie as vermaak nie, maar is eerder iets dieper en behoort in persoon beleef te word.

TIENERKERK

“Om kerk toe te gaan, vra meer van jou, en dis hoekom ons gaan.” Mia Ham deel met groot insig dat om fisies kerk toe te gaan, meer verantwoordelikheid, reëlings en tyd verg. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die gewin hiervan groter is, in die sin dat jy doelbewus werk aan jou verhouding met die Here en moeite maak om Jesus te leer ken. Sy plaas dit direk teenoor ’n aanlyn-erediens wat nie naastenby so baie van jou vra nie, en gevolglik maklik ’n leë, geroetineerde ervaring kan raak.

Ons almal leef met die vrees dat sosiale media die wêreld al hoe meer onpersoonlik gaan maak, dat jongmense nie meer gaan weet hoe om vir lang periodes te konsentreer of om ingeligte en betekenisvolle gesprekke te hê nie. Ten spyte van die gevare verbonde aan sosiale media, bly ons tog die rentmeesters van ons tyd. In die lig van die tieners se beweging terug kerk toe, sou ons nie dalk kon sê dat daar ’n terugkeer na gemeenskap, saamwees en dieper intellektualiteit in ons verhouding met Christus is? Waarom kies ’n digitale generasie kerk in persoon? Dalk is dit omdat die waarde van ’n geloofsgemeenskap geensins verlore by tieners is nie. Of is dit dalk omdat hulle eerder ’n generasie is wat geken kan word aan hul verlange na saamwees?

*Lionel Hutton, Jeugleraar*

**TIENERKERK HET ’N NUWE LOGO!**

Die Tienerkerk het voorheen as *Unplugged* bekend gestaan. Lionel Hutton vertel dat dit in gesprekke met tieners geblyk het dat hulle nie wil *unplug* nie, maar eerder wil *ínplug*. Dit was ook vir hulle baie belangrik om *sigbaar* deel van Moederkerk - Kruiskerk te wees – dus, **Tienerkerk *Unplugged*** *plug* nou in by Moederkerk.

TIENERKERK

# COVID-ervarings

MOEDERKERK KRUISKERK

**Terug in die Kerk!** Ons het 'n paar tieners gevra hoe hulle die grendeltyd ervaar het...



"Die grendelstaat was 'n terugval op die Here. Toe alle ander afleidings verdwyn, toe raak die Here duideliker."
– Dané van Zyl

"Grendeltyd? Uitdagend tot opwindend. My een onderwyser sê altyd, aanpasbaarheid is die hoogste vorm intelligensie. Om aan te pas was uitdagend in terme van studies, maar opwindend om ook meer tyd te hê om na jouself om te sien. Om aan te pas beteken jy kan die beste maak van die uitdaging wat voor jou is."
– Elke van Wyk



"Ek kon my eie roetine bepaal, veral met skoolwerk. Ek kon kies wanneer ek wil werk en wanneer ek *games* wil speel. Ek het een dag in 'n week heeldag gesit en al my werk klaargemaak, dan het ek vir die res van die week ontspan." – Pieter de Kock



"Maskers is regtig irriterend en baie verhoudings moes van voor af gebou word. Na die eerste inperking het baie verhoudings seergekry en toe ons mekaar weer kon sien, moes ons eintlik van vooraf begin. Maskers help ook nie, want selfs al is jy by iemand, maak die maskers die ontmoeting ietwat oneg. Daar is iets tussen jou en die persoon wat jy sien."
– Iris Saunders

*Saamgestel deur Lionel Hutton*



“Introspektief en *scary*. Ons het meer tyd gehad om tot stilstand te kom en te dink oor die dinge waarvoor jy nog nooit tyd gekry het om by uit te kom nie. Dit was goed, maar ’n mens het ook elke dag gehoor van die sterftes en seer wat COVID-19 oor mense se pad gebring het. COVID het my laat besef dat ons mekaar nodig het en dis sleg dat ons stééds nie regtig by mekaar kan wees nie” – Mia Ham



# Kinderkaskenades

## Die Akkerklub: Chippie gaan skool toe



Hello maats

Raai wat? Ek gaan nou skool toe! Dis baie lekker! Ek kry dit soms reg om stil te sit. Gelukkig is ons klassies maar kort en ek en Sproete Spreeu ruil in die pouse ons kossies uit. Maar ek hou nie rêrig van wurms nie. Ek vat maar ’n hap, om nie snaaks te wees nie, maar ek wens ek kan liewer my eie akker en af en toe ’n grondboontjie eet.



Juffrou Uil is gaaf, maar nogal streng. Sy leer vir ons sulke interessante goed — selfs hoe om “interessant” te spel! Daar is net één R, maar twéé S’e, sê sy.

Gister het sy vir ons ’n nuwe ding geleer. Weet julle wat “beeldspraak” is? Sproete het gedink dis ’n naam vir die woorde wat die standbeelde in die Moederkerk se tuin en voor die Kweekskool staan praat. Hy lag toe vreeslik. “Ka-ka-ka!” lag hy. “Maar Juffrou, ’n standbeeld kan mos nie praat nie!” En hy lag weer.

Juffrou Uil was baie geduldig met hom. “Nee, Sproete, dis nie standbeelde wat praat nie, maar woorde wat prentjies vir jou in jou kop laat sien.”

Nou’s ons almal nuuskierig. Paul Papegaai, wat dink hy weet alles en enigiets mag sê, proes soos hy lag. “Gie-gie-gie, Juffrou!” skree hy met sy kras stem. “Ek sien vir Juffrou en vir ou Chippie, maar niks prente nie, behalwe as hulle een teken!”

Juffrou Uil verduidelik. “Nee, Paul, dink ’n bietjie. As ek sê die klas was vandag so soet soos lammertjies, dink jy ek bedoel julle het almal vier pootjies en wit woljassies en sê *Mêê* as julle honger is?”

lees verder op die agterblad

Ek wat Chippie is, kan nie langer stilbly nie. “Ek weet, Juffrou!” skree ek amper. “As Juffrou so sê, dan dink ek hoe stil en soet lammertjies lyk as hulle langs hulle mammas loop en wei. Dis mos dan beeldspraak, nè, Juffrou?”

Juffrou Uil lyk *baie* bly dat ek so slim antwoord. “Presies, Chippie!” en sy voeg by: “ ‘... *slim soos...*’ dui ’n ***vergelyking*** aan. Maar ek kan sommer sê ‘*Julle is Jesus se lammertjies*’ en dan praat ek nie van wol en vier pote nie — al het jy vier pote, Chippie. Ek teken ’n **woordprent** van Jesus as ’n *Goeie Herder*. Jesus het baie woordprente — ***beeldspraak*** — gebruik. As daar nie ’n ‘*is soos*’ in my vergelyking kom nie, maar net ‘*is*,’ dan noem ons dit ’n ***metafoor***.”




Paul Papegaai weet altyd beter. “Ek sien die water **met** die lei**voor** afloop, Juffrou, maar daar’s nie ’n ‘**a**’ in die middel nie!” sê hy.

Juffrou Uil lag en ek en Sproete Spreeu lag saam. “Nee, Paul,” sê sy vriendelik. “Ek leer vir julle nou net nog ’n woord. Ons het nou al *beeldspraak, vergelyking* en nou, *metafoor* behandel. Dié groot woord beteken iets wat iets anders direk voorstel.”



“Juffrou, Juffrou!” skree Sproete opgewonde. “Ek het nou die dag deur die kerk gevlieg net toe die mense sing, en ek loer toe af na die boekies om te kyk wat hulle sing. En toe, en toe...” Hy stik byna van opgewondenheid. “Toe lyk die woorde op die boek soos ’n prentjie van ’n beker met ’n lang pootjie! Is dit ook ‘metafoor?’”

“Netso,” sê Juffrou Uil. “Dit lyk soos ’n kelkie — soos ’n glas met ’n pootjie. Kom, ek wys vir julle so ’n **kelkie-gesang**!” En sy maak haar boek oop. “Dis mooi!” skree ons almal, “Kyk, daar’s die kelkie, duidelik!” En Juffrou sê, “Gaan sit nou stil en blaai deur hierdie boekie, en kyk of julle nog so ’n kelkie-lied in die boek kan kry!” En toe hét ons nogal.

Maar nou moet ek waai, want ek wil weer nog verder in die boekie gaan soek. Julle kan dit ook doen. Vra net om Mamma se gesangboek te leen!

Totsiens, maatjies! Lekker soek!

**Chippie**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Z | F | C | V | U | P | U | J | V | V | K | E | R | K | W | G | M | G |
| K | W | T | Q | B | M | Z | C | Q | C | G | F | Q | P | I | J | E | O |
| H | E | H | B | E | E | L | D | S | P | R | A | A | K | F | U | T | O |
| G | W | L | B | P | O | U | S | E | W | U | N | A | H | C | F | A | O |
| L | X | I | K | Y | I | S | S | P | G | O | B | B | I | K | F | F | X |
| A | T | C | J | I | M | D | Z | E | I | D | O | O | H | A | R | O | U |
| S | L | A | K | B | E | X | M | A | A | T | S | R | E | K | O | O | T |
| I | W | R | C | H | I | P | P | I | E | A | L | P | D | K | U | R | P |
| G | R | O | N | D | B | O | O | N | T | J | I | E | L | E | L | H | M |
| F | R | K | H | C | R | L | L | C | H | G | M | Q | R | R | Q | F | I |
| Y | P | A | A | M | V | E | R | G | E | L | Y | K | I | N | G | E | E |
| P | U | Z | T | H | W | S | I | N | G | L | G | X | X | G | A | G | A |

## Iets om te doen

Soek die volgende woorde in die blokkie links:



AKKER
BEELDSPRAAK
BOEK
CHIPPIE
GLAS
GRONDBOONTJIE
JUFFROU
KELKIE
KERK
MAATS
METAFOOR
POUSE
SING
VERGELYKING
WOORDE





**Groete, Tannie Marianca**

